3.2 Nadat ‘n stalletjie aan u toegeken is, word die ooreenkoms (**Deel B**) wat deel van hierdie aansoek vorm van krag. **n’ Vrywaring** wat die O.E.V, Mosselbaai Munisipaliteit en A.T.K.V insluit vorm deel hiervan. Betaling van alle gelde insluitende lidmaatskapgeld met inagname van ‘n sperdatum wat deur die O.E.V bepaal mag word, word betaalbaar sodra u daarvan in kennis gestel is dat uitstalruimte aan u toegeken is. By gebrek aan betaling van **totale** verlangde bedrae teen die spertyd sal u stalletjie verbeur word waarna dit aan iemand anders toegeken sal word. **Geen terugbetaling van enige**

Handtekening: _____

bedrae sal voor of na die sperdatum vir betaling (1 November 2021) gedoen word voordat die O.E.V Bestuur nie ingevolge paragraaf 1.35 van die reels en regulasies uitsluitsel gegee het nie.

3.3 **Plasing/uitslag**

Geen Aansoekers het reg tot uitstalruimte nie onafgesien daarvan hoe lank reeds voorheen onder die OEV of ATKV uitgestal is nie. Die O.E.V Keurkomitee doen die plasing na gelang van produk en plek beskikbaar.

By ondertekening van hierdie aansoekvorm aanvaar u die O.E.V Keuringskomitee se besluit (Positief of Negatief) as finaal. Alhoewel gepoog kan word om redes telefonies te verstrek, sal geen korrespondensie in die verband gevoer word nie.

3.4 **Belangrik!! – Uitstalruimte en Elektrisiteit**

Elke vakansietydperk is 'n eenheid op sy eie en daar moet dus elke keer van nuuts af aansoek vir 'n betrokke tydperk gedoen word met alles wat daarmee saamgaan. Foto's / Fotostate **moet elke keer** met u aansoek ingedien word; andersins sal u aansoek nie oorweeg word nie. Niemand verkry ooit permanente reg op enige stalletjie / stalletjieruimte nie. Niemand verkry ook enige reg hoegenaamd op enige elektriese voorsieningspunt nie. Elke stalletjiehouer moet elke keer weer vir elektrisiteitsvoorsiening aansoek doen waarna dit goed of afgekeur sal word. Die maak van enige kapitale bydrae verseker geen toekenning van elektrisiteit in die toekoms nie. Kapitale bydraes is eenmalig en nie oordraagbaar nie.

3.5 **Terugstuur van foto's/Fotostate**

Sluit asseblief 'n gefrankeerde koevert in as foto's/fotostate teruggestuur moet word.

3.6 Meld u stalletjienommer / verwysingsnommer en volle besonderhede op alle strokies en korrespondensie na suksesvolle keuring.

Die O.E.V waarborg nie die kwaliteit van enige staanplek toegeken nie en aanvaar geen verantwoordelikheid indien u produk goedgekeur nie verkoop nie.

3.7 **Kopiereg/Handelsmerke**

Die onus is absoluut op elke stalletjiehouer om te verseker dat onwettige produkte nie van sy Stalletjie verkoop of daarop uitgestal word nie. Die O.E.V aanvaar onder geen omstandighede enige verantwoordelikheid indien sodanige oortreding van toepassing sou raak nie.

Vrywaring

3.8 Hiermee vrywaar ek die Onafhanklike Entrepreneurs Vereniging, Mosselbaai Munisipaliteit asook A.T.K.V onvoorwaardelik teen enige eise van watter aard ookal.

VOLTOOI:

3.9 **Ek onderneem om op ...../12/2021 te begin staan en beplan om tot ...../1/2022 te staan**. Die datums moet ten minste met die verpligte staantydperkdatum soos deur die O.E.V vir die vakansietydperk vasgestel, ooreenstem. Afgesien van die datum wat ek hier aandui aanvaar ek absoluut die datums soos deur die O.E.V Bestuur vasgestel vir die terugbetaal van die terugbetaalbare deposito. Ek aanvaar dat indien ek om enige rede nie betyds begin het om handel te dryf of vroeer vertrek as die einddatum soos vasgestel, dat ek die terugbetaalbare deposito indien van toepassing sal verbeur.

Handtekening: _____

3.10 **Onderneming** (Moet geteken word)

Ek verklaar dat alle inligting in hierdie aansoek / ooreenkoms verstrek juis en korrek is. **Ek verstaan en aanvaar al die voorwaardes soos hierbo uiteengesit.**

Handtekening: .....

Naam (Voorletters en Van in drukskrif): ..... Datum: .....

NAVRAE: Rig jou dringende navrae weekliks gedurende kantoorure (8vm – 3nm:Dinsdag tot Vrydag) Aan:
Die O.E.V Sekretaresse by Selfoonnommer: 072 837 8803
Die O.E.V kantoor kan Dinsd**ag tot Vrydag tussen 08:00 en 15:00 besoek / geskakel word.**
Kantoor: landlyn / Faks: 044 – 695 2331

This Application is also available in English.
Die Aansoekvorm is ook in Engels beskikbaar.

DEEL B: OOREENKOMS

A **Ooreenkoms soos gesluit tussen die Onafhanklike Entrepreneurs Vereniging (O.E.V)** Van Mosselbaai en die ondergetekende stalletjiehouer

Naam van Stalletjiehouer (Hierin later genoem: "**Die uitstaller**")
Voltooi!

Mnr/Me.....

Die uitstaller kies as sy/haar Fisieke Woonadres die volgende Adres:

.....

.....

Enige aansoeker vir uitstalruimte moet 18 jaar oud wees om vir n stalletjie aansoek te doen. Een aansoek per uitstalruimte.
Vir kontrakdoeleindes beteken enige verwysing hieronder na uitstaller/stalletjiehouer of enige sulke verwysings in enige ander dokumentasie wat op die O.E.V of Mosselbaai Munisipaliteit of A.T.K.V van toepassing is in enkelvoud ook meervoud.
Insake kennis te neem van en die neerle by die Reels en Regulasies soos vasgestel en bepaal.

B Die aanvanklike aansoekvorm vir 'n stalletjie en hierdie ooreenkoms vorm 'n eenheid en moet volledig ingevul en deur die voornemende uitstaller onderteken word alvorens die staanplek/ke toegeken, finaal van krag word – Al 10x bladsye vorm die eenheid.

1 Wanneer die woord uitstaller gebruik word, word ook bedoel
enige personeel in diens - indien van toepassing. Geen stalletjiehouer verkry enige gevestigde reg behalwe 'n tydelike voorwaardelike reg vir 'n spesifieke vakansie tydperk op en ten opsigte van enige beskikbare uitstalruimte by enige uitstalgebied toegeken of voorsiening van elektrisiteit by enige beskikbare voorsieningspunt nie en aanvaar absoluut dat die toeken van uitstalruimte by enige uitstalgebied die absolute prerogatief van die O.E.V. bestuur is. Geen aanspraak kan op enige spesifieke of enige uitstalruimte gemaak word nie. Elke vakansietydperk is 'n nuwe tydperk waarvoor van nuuts af aansoek gedoen moet word.

1.1 Indien die volle bedrag betaalbaar nie voor of op 1 November 2021 (sonder enige ander goedgekeurde reeling met die O.E.V) ten volle vereffen is
nie, sal die oorspronklike aansoek sonder kennisgewing gekanselleer en die uitstalruimte reeds toegeken, hertoegeken word. Wanneer 'n uitstaller nie meer kan of wil uitstal nie gaan sy plek terug na die O.E.V. Onderverhuring sal onder geen omstandighede toegelaat word nie.

1.2 Slegs produkte wat soos per aansoek, of per spesiale toestemming van die O.E.V goedgekeur is, mag uitgestal word, mag van u stalletjie verkoop of afgelewer word. Geen ander items/produkte nie goedgekeur mag verkoop of van u stalletjie aan ander stalletjiehouers of die publiek afgelewer of verkoop word nie. Geen bestellings vir produkte nie goedgekeur mag ook van u stalletjie van enigiemand geneem word

Handtekening: _____

nie en die O.E.V behou die reg voor om enige produk, volgens die O.E.V se diskresie, waarvoor nie keuring toegestaan is nie, te verwyder.

1.3 Die O.E.V waarborg hoegenaamd nie kwaliteit van enige staanplek toegeken nie. Die onus berus totaal op die voornemende stalletjiehouer om homself voor die aanvang van die seisoen presies te vergewis waar sy stalletjie toegeken, gelee is. Die O.E.V aanvaar hoegenaamd geen verantwoordelikheid indien produkte op toegekende stalletjieruimte uitgestal, nie verkoop nie.

1.4 Die uitstaller of sy/ haar personeel (die uitstaller is verantwoordelik vir die optrede van sy personeel) onderneem om nie 'n voertuig of voertuie voor sy stalletjie of voor 'n ander s'n te parkeer nie.

1.5 Besigheidsure sal daagliks strek van 09h00 tot 17h00 of 18:00 ingevolge reelings in plek. U Moet teen 09:00 daagliks op u uitstalruimte wees en teen 10;00 gereed wees om handel te dryf. Alle kossstalletjies by alle oorde insluitende A.T.K.V dieselfde behalwe waar alternatiewe reëlings in plek is. Alle kosstalletjies wie later as 19:30 op enige dag wil handeldryf moet skriftelik vir toestemming aansoek doen. Niemand mag later as 22:00 op enige dag by enige oord handel dryf nie. Alle stalletjiepersele moet teen 23:00 totaal ontruim wees – Geen voorraad, voertuie ens. Elektrisiteitverbruikers mag na 19:30 daagliks vir 'n additionele bedrag soos van tyd tot tyd deur die O.E.V bestuur bepaal verantwoordelik wees.
Indien nie gehoor gegee word aan bogenoemde nie kan betrokke uitstalruimte na 'n ondersoek onmiddelik gekanselleer word. Die Dagbestuur soos van toepassing se besluit in die verband sal finaal wees.
Indien enigiemand om een of ander rede vroeg oppak moet sy uitstalruimte binne een uur van begin oppak tot vertrek totaal ontruim en skoon wees. Alles moet van die uitstalruimte verwyder word. Niemand mag met hope goed vir 'n lang tyd op sy uitstalruimte sit en wag sonder om handel te dryf terwyl die mark nog aan die gang is nie. Geen ongebruikte voertuie waaruit nie handel gedryf word nie (koskarre, soft-serve ens.) mag op enige stadium op uitstalruimte gestoor word nie. Sodra handeldryf gestaak word, moet sulke voertuie so gou moontlik maar nie langer as een uur na handeldryf gestop het van die uitstalruimte verwyder word. Onder abnormale omstandighede (Sterk wind, reën ens.) moet spesiale reëlings met die O.E.V. Beampte getref word indien nie by bogenoemde gehou kan word nie.

1.6 Slegs van toepassing gedurende Desember - Handelsure gedurende die AANDMARKTE sal wees: Tot en met 18h00 vir n spesifieke aand vir enige stalletjie oorkant die straat aan die Alikreukel kant (Munisipale stalletjies) Alle stalletjies moet ontruim en leeg wees teen 18:30. – Stalletjie leeg 18:30. Dit is verpligtend vir alle ander uitstallers te Joubert Park sowel as die in die straat (Munisipale uitstalplekke) langs Joubert Park om die Aandmarkte by te woon en daaraan deel te neem. Die parkeergebied te Joubert Park open 15:30 wanneer uitstallers kan begin opslaan. Aandmarkte begin om 17h00.
Indien enige uitstaller na 18:30 steeds op sy stalletjie teenwoordig is (Alikreukel kant) sal dit in 'n ernstige lig beskou word. Bogenoemde tye is op alle O.E.V en A.T.K.V uitstallers te Hartenbos van toepassing.

1.7 Die uitstaller onderneem om by die voorgeskrewe handelsure soos neergele te hou en om nie sonder rede vroeg op te pak nie. Niemand word gedwing om in reen of sterk wind handel te dryf nie. Kontroleer eers met O.E.V. Beampte voor opgepak word. Dit is die uitstaller se uitsluitlike keuse om op Sondae of Publieke Vakansiedae handel te dryf of nie. Die O.E.V beampte moet vooraf in kennis gestel word van dae waarop u nie staan nie.

1.8 Geen Troeteldiere word op staanplekke toegelaat nie.

1.9 Die O.E.V behou die reg voor om 'n uitstaller as gevolg van wangedrag of verontagsaming van reels en regulasies, na verweer van 'n uitstaller aangehoor is te skors, in welke geval so 'n stalletjie onmiddellik sonder terugbetaling van enige gelde ontruim sal word en die stalletjie na die O.E.V sal terugval.

1.10 Die uitstaller aanvaar 'n O.E.V Komitee-besluit of 'n besluit van die aangewese dagbestuur in geval van 'n dispuut as finaal

1.11 **Rook, Dwelms en Drank Verbode:** Ingevolge wetgewing (Staatskoerant nr. R264 van 30 Maart 2012 soos gewysig-"Tobacco Products Control Act", 1993(Act no.83 of 1993)) word rook onder andere te enige ge-organiseerde publieke byeenkoms in die ope(markte ingesluit) waar mense teenwoordig is, verbied. Geen persoon mag enige tabakproduk in enige publieke gebied rook nie! U as stalletjiehouer word vervolgens verbied om enige tabakproduk in u stalletjie, voor iemand anders se stalletjie of binne 10m van enige uitstaller se stalletjie te rook. Uitstallers en hul personeel onderneem om geen **alkoholiese drank** van enige aard of **dwelmmiddels** op 'n stalletjie te gebruik nie. Oortreding in die verband sal tot onmiddellike ontruiming van so stalletjie aanleiding gee.

1.12 Niemand sal te enige tyd vuil of vulgere taal teen sy medestalletjiehouers of teen enige lid van die publiek gebruik nie. Dissiplinere aksies sal onmiddellik toegepas word.

1.13 Enige geweldpleging, bakleiery, gebruik van wapens of intimidasie teenoor mede-stalletjiehouers of enige lid van die publiek, is ontoelaatbaar. In sulke gevalle sal onmiddellike ontslag uit die O.E.V geskied. Elke stalletjiehouer moet hom/haar by sy /haar eie uitstalruimte bepaal en mag nie op enige manier voorskrywend teenoor enigiemand wees en met ander stalletjiehouers inmeng nie. Elke stalletjiehouer het die reg om in vrede vreedsaam sonder inmenging van 'n medestalletjiehouer handel te dryf. Geen stalletjiehouer mag deur sy/haar optrede die harmonie tussen stalletjiehouers versteur of die lewe vir 'n ander versuur nie. Enige probleme moet direk met die O.E.V beampte opgeneem word en nie direk met mede stalletjiehouers nie. Klagtes moet op skrif gestel en aan die O.E.V. Beampte oorhandig word. Die O.E.V het 'n grieweprosedure in plek. Afwyking van bogenoemde sal in n'ernstige lig beskou word. Die
O.E.V. het die prerogatief om te besluit watter aksie geneem moet word byvoorbeeld of 'n waarskuwing, 'n besluit in plek gestel of dissiplinere optrede geregverdig is.

1.14 Strukture en waentjies moet elke aand verwyder word. (Joubert Park uitgesluit)Elke stalletjiehouer moet sy/haar eie tydelike struktuur (gazebo, koskar ens.) verskaf. Elke stalletjiehouer moet onder of uit 'n goedgekeurde struktuur handel dryf en die struktuur moet netjies vertoon. Niemand sal toegelaat word om in die ope op uitstalruimte toegeken handel te dryf nie. Geen permanente strukture behalwe soos goedgekeur op A.T.K.V grond (Joubert Park)is toelaatbaar nie. Die onus is op elke stalletjiehouer om sy eie tydelike struktuur te voorsien en dit in goeie toestand te hou sodat dit die algemene beeld van die mark bevorder. 'n Uitstaller moet sy uitstalruimte binne 1 uur nadat hy begin oppak het verlaat. Niemand mag met net hope goed opgepak sit en wag om gehaal te word nie.

1.15 Enige onreelmatighede of oortreding van reels moet binne 48 uur skriftelik by die O.E.V Beampte aan diens, ingehandig word. Slegs klagtes op skrif gestel sal opgevolg word.

1.16 Elke uitstaller is verantwoordelik vir die higiene en netheid van sy eie staanplek. u Uitstalruimte moet elke dag skoon agtergelaat word. Geen ankermateriaal (Klippe, sandsakke ens.) mag op u uitstalruimte of op enige iemand anders se uitstalruimte agtergelaat word nie. Alles moet daagliks verwyder word. Aan die einde van die vakansie tydperk moet u uitstalruimte skoon en sonder enigeiets daarop agtergelaat word.

1.17 Elke uitstaller onderneem om streng by die toegelate spasie van sy stalletjie te hou. Oorskreiding sal in 'n ernstige lig beskou word. Niemand mag enigiets teen die Allikreukelmuur pak of enigiets daaroor hang nie. Die muur is nie deel van enige uitstalruimte nie.

1.18 Geen uitstaller mag hoegenaamd op sy stalletjie kampeer, slaap of oornag nie.

1.19 Indien 'n uitstaller 'n staanplek gekry het en dit na 1 November 2021 kanselleer terwyl hy alreeds daarvan in kennis gestel is, sal hy tydens die volgende dieselfde vakansietydperk dadelik tydens keuring laaste op die waglys geplaas word.

Handtekening: _____

1.20 'n Kansellasiefooi van 10% van stalletjiegeld insluitende administrasiefooi betaalbaar sal indien terugbetaling van uitstalgeld goedgekeur word tydens kansellasie gehef word - slegs van toepassing indien voor 1 November 2021 gekanselleer word. Geen terugbetaling na 1 November 2021. Die terugbetaalbare deposito sal ook in so geval verbeur word.

1.21 Die weer in die Mosselbaai-gebied is onvoorspelbaar. Geen terugbetaling van enige gelde sal a.g.v. weersomstandighede oorweeg word nie.

1.22 Die uitstaller onderneem om alle reels en regulasies van die O.E.V sowel as die van die Munisipale owerheid en A.T.K.V in plek, te eerbiedig en na te volg. Die O.E.V grondwet vorm 'n belangrike deel van reelings in plek. Die O.E.V behou die reg voor om enige reels, regulasies of reelings in plek met skriftelike kennisgewing aan uitstallers te verander waarna sulke veranderings as bindend op die stalletjiehouer beskou sal word.

1.23 **VRYWARING** : Uitstalling geskied te enige tyd op eie risiko en nie die O.E.V, Mosselbaai Munisipaliteit of A.T.K.V aanvaar enige verantwoordelikheid vir enige beserings, verlies of skade nie. Die uitstaller vrywaar die O.E.V, Mosselbaai Munisipaliteit asook A.T.K.V hiermee onvoorwaardelik van enige eise van watter aard ookal.

1.24 **Vrywaring – Elektrisiteit**

Elke gekeurde uitstaller aan wie tydelike voorwaardelike gebruik van beskikbare elektrisiteit toegeken is, moet vir en voor elke vakansie tydperk 'n aparte vrywaring ten gunste van die O.E.V. en Mosselbaai Munisipaliteit behoorlik onderteken voordat enige elektrisiteit gebruik mag word. By gebrek aan die ondertekening van die dokument sal geen elektrisiteit aan 'n stalletjiehouer beskikbaar gestel word nie.

1.25 **Elektrisiteit** : Geen stalletjiehouer verkry enige gevestigde reg behalwe 'n tydelike voorwaardelike reg vir 'n spesifieke tydperk op enige elektrisiteitvoorsiening toegestaan nie. 'n Voorgeskrewe kapitale bydrae soos deur die O.E.V bestuur vasgestel moet deur elke elektrisiteitverbruiker betaal word voordat elektrisiteit gebruik mag word. Die kapitale bydrae is eenmalig betaalbaar, nie terugbetaalbaar en nie oordraaglik nie. Tariewe vir gebruik van elektrisiteit kan wissel van vakansietydperk tot vakansietydperk. Dit word deur die O.E.V bestuur vasgestel en is vir 'n tydperk vooruitbetaalbaar. Indien elektriese probleme te wyte is aan 'n stalletjiehouer se kant sal so stalletjiehouer vir die koste van die elektrisien en reparasiekoste verantwoordelik wees. Andersins sal so reparasie vir die O.E.V se rekening wees.

Kapitale bydrae: - Nadat 'n kapitale bydrae gemaak is bly dit in plek totdat die O.E.V. ontbind waarna dit verbeur word. Tot dan is die bydrae geldig vir enige tydperk in die toekoms waarvoor uitstalruimte toegeken mag word met die verstandhouding dat uitstalruimte met of sonder elektrisiteit nie geeis kan word bloot omdat 'n kapitale bydrae in 'n spesifieke vakansietydperk of oor vakansietydperke gemaak is nie. 'n kapitale bydrae gemaak verseker geen uitstalruimte op enige tyd in die toekoms nie. Kort of lang onderbrekings tussen uitstaltydperke sal ook nie die geldigheid van 'n kapitale bydrae gemaak beinvloed nie. Die maak van 'n kapitale bydrae bevestig geen ander regte as dit wat tydelik deur die O.E.V. bestuur van tyd to tyd goedgekeur mag word nie.

Uitstalruimtes met elektrisiteit beskikbaar is vir uitstallers wie elektrisiteit nodig het en aan wie elektrisiteit voorsien kan word. Indien 'n persoon aan wie so uitstalruimte met elektrisiteit toegeken word sou verkies om van gas of 'n "inverter" met batterye gebruik te maak kan so uitstalruimte toegeken weggeneem word en aan iemand toegeken word wie elektrisiteit verlang en nodig het. Indien vooraf kennis van so voorneme gegee sou word, kan 'n ander staanplek sonder elektrisiteitvoorsiening aan so aansoeker toegeken word. Enige toekenning van enige elektrisiteit by enige uitstalgebied berus absoluut by die diskresie van die O.E.V. bestuur en geen dispuut sal in die verband gevoer word nie.

NOTA: Elektrisiteit gebruik word van die 1ste dag van staan tot en met die laast dag van staan bereken ongeag van enige dag of dae tussenin wat nie gestaan word nie. – Geen uitsondering.

1.26 u Depositostrokie: Bring die oorspronklike dokument saam, dit moet aan die O.E.V beampte getoon word voordat u n' stalletjie kan beset.

1.27 Reg van toegang voorbehou – O.E.V uitstalruimte is op publieke gebied. Geen reg van toegang mag deur enige stalletjiehouer ten opsigte van enigiemand voorbehou word nie. Dieselfde bly ten opsigte van A.T.K.V grond met A.T.K.V toestemming in plek.Enige probleem in die verband moet dadelik met die O.E.V beampte opgeneem word.

1.28 Afkraak van produkte deur mede-uitstallers vir verkoop anngebied: Dit kan as skadelike besigheidspraktyk gesien word indien produkte deur n' medestalletjiehouer te koop aangebied sondermeer teenoor die publiek of enigiemand wie wil luister afgekraak word. Indien u bewus daarvan is dat ''n probleem aangespreek behoort te word en u oor die nodige bewyse beskik moet slegs met die O.E.V Beampte daaroor gepraat word.

1.29 **TERUGBETAALBARE DEPOSITO:** Die doel van die deposito is om 'n uitstaller te forseer om die voorgeskrewe tydperk ingevolge O.E.V Komiteebesluit wat van Vakansietydperk tot Vakansietydperk wissel, te staan en nie vroeg te loop nie. Omstandighede waartydens deposito verbeur kan word is:

- Vroeer loop as ooreengekom of besluit
- Oortree reels en /of regulasies
- Enige bedrag uitstaande verskuldig aan O.E.V of Munisipaliteit
- Beskadiging van O.E.V, Munisipale of A.T.K.V Eiendom
- Indien Kontrakbreuk op enige stadium na 1 November 2021 sou plaasvind. Later as die vasgestelde verpligte begindatum opdaag.

Belangrik!

Terugbetaalbare depositos sal voortaan slegs na n vakansietydperk en suksesvolle inspeksie per EFT aan n uitstaller terug betaal word.

Verpligte staantyd vir terugbetaalbare depositodoeleindes – Donderdag 16 Desember 2021 tot en met Saterdag 8 Januarie 2022.

Die amptelike vakansietydperk vir O.E.V. doeleindes begin op Saterdag 11 Desember 2021 en eindig op Saterdag 8 Januarie 2022.

U is welkom om op Saterdag 11 Desember 2021 met handeldryf te begin en tot en met Saterdag 8 Januarie 2022 handel te dryf.

U mag egter nie voor 11 Desember 2021 of na 8 Januarie 2022 meer handeldryf nie. Dit is die maksimum venster wat vir handeldryf toegelaat word.

Enigiemand wie nie by die tye hou nie sal op 'n swartlys geplaas word en nie vir uitstalruimte vir n' volgende vakansietydperk in ag geneem word nie.

NOTA: Ongeag of u binne die nie-spitstydperk of spitstydperk begin staan - Wanneer u begin staan moet u staan tot die einde van die spitstydperk. U Mag byvoorbeeld nie Vrydag begin, Saterdag of Sondag wegbly en dan weer van Maandag staan nie.

Handtekening: _____

1.30 TOTALE BEDRAG DEUR U VERSKULDIG:

ALLE GELDE:
Die bedrag betaalbaar deur u (In ZAR) waarvan u in kennis gestel is moet direk in die ondergenoemde O.E.V bankrekening inbetaal word.

Asseblief!!
U STALLETJIENOMMER EN VAN MOET IN DIE VERWYSINGSKOLOM OP DIE DEPOSITOSTROKIE AANGEBRING WORD.

1.31 Naamskending: Die O.E.V sal genadeloos teen enige party of partye wie op enige manier op enige plek die OEV Bestuur, enige Munisipale amptenaar of werknemer van die OEV, Munisipaliteit of A.T.K.V beswadder optree deur onmiddellik dissiplinere stappe toe te pas of indien ernstig genoeg krimineel volgens landswette van Suid Afrika in plek te vervolg om sodoende regstelling te bewerkstellig.

O.E.V Bankbesonderhede:

Bank:ABSA Tak:Mosselbaai Tak Nr.:632005(Nasionaal) Rekening Nommer:408 005 7702

1.32 Ek verstaan en aanvaar dat indien ek twee dae na die eerste datum by paragraaf 3.9 op die aansoekvorm **(DEEL A)** ingevul, nog nie opgedaag het nie, dat ek my goedgekeurde staanplek asook enige gelde betaal, sonder appel kan verbeur indien ander geskikte staanplek nie tydens my opwagting beskikbaar is nie.

1.33 BAIE BELANGRIK!!! Registrasie tydens aankoms: Bewys van betaling by die O.E.V se Mobiele kantoor op Hartenbos gaan afhaal. Indien u staan sonder hierdie bewys kan die Verkeersdepartement u van die perseel verwyder.

Bring u oorspronklike depositostrokie saam.

1.34 Alle Kosstalletjies: (Biltong, lekkergoed, koek ens. Ingesluit) Hoofbedekking: Enigiemand wie met enige ongeseelde produk werk of dit bedien wat deur die mond ingeneem word moet te alle tye n geskikte hoofdekking wat die val van enige hare ens. verhoed dra. Slegs gedeeltelike bedekking is onaanvaarbaar.

1.35 Betaling vir uitstalruimte/kansellasie: Let asseblief daarop dat wanneer uitstalruimte aan u toegeken is en daarvoor betaal is (of deur u of deur iemand anders vir u) dat geen terugbetaling tot na so vakansietydperk vir watter rede ookal oorweeg of gemaak sal word nie. Terugbetaling sal slegs oorweeg word na skriftelike vertoe met redes vir terugbetaling en alle ander dokumentasie van toepassing ontvang is. So finale besluit vir terugbetaling sal ook slegs tydens die eerste O.E.V Bestuursvergadering na n vakansietydperk gemaak word. Indien van toepassing kan so besluit indien moontik voor n betrokke vakansietydperk gemaak word. Nie die Voorsitter of enige Bestuurslid sal by homself of haarself by magte wees om so finale besluit tot terugbetaling te neem nie.

1.36 Vuurwerke: Geen uitstaller mag op enige manier vuurwerke aanhou, vertoon, uitstal, verkoop of weggee nie. Geen vuurwerke mag op enige uitstalruimte teenwoordig wees nie – Op alle uitstallers, alle uitstalgebiede van toepassing. Oortreding sal nie geduld word nie.

NOTA: BETALING
Slegs betaling in ZAR (Suid Afrikaanse Rand) betaal deur n' bank in Suid Afrika sal aanvaar word.
Geen betaling van oorsee in ander geld (US $, Pond, Euros ens.) sal aanvaar word nie.

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

Indien u aansoek suksesvol was en uitstaltuimte aan u toegeken is die volgende:

Laaste dag vir betaling van alle gelde aan die OEV verskuldig-1 NOVEMBER 2021

Indien u vir uitstalruimte aansoek gedoen het word u versoek om reeds nou al daarvoor te beplan om alle gelde aan die OEV verskuldig nie later as 1 November 2021 te betaal nie omdat geen uitstel vir betaling aan enigiemand gegee kan word nie-hierdie is beslis die laaste dag vir betaling.Geliewe u beplanning korrek te doen.Indien betrokke gelde verskuldig nie voor of op 1 November 2021 ontvang word nie sal uitstalruimte toegeken onmiddellik gekanselleer word.-geen uitsonderings.

Ons is almal in dieselfde storm-help ons om dit ook te oorleef deur nie die onmoontlike te verwag nie.

Handtekening: _____

VRYWARING AAN MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT

AANVULLEND TOT DIE OOREENKOMS DIE VOLGENDE:

1. Die Munisipaliteit behou die reg voor van vrye toegang, sonder kennisgewing indien nodig, tot die grond vir soveel van sy Amptenare en Werknemers as wat nodig mag wees vir die doeleindes van Inspeksie of Herstelwerk van die perseel of enige Munisipale diens wat op/oor/onder die perseel gelee is. Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verliese of skade wat opgedoen mag word deur die Huurder as gevolg van die uitvoering deur die Verhuurder van genoemde werk nie of die veskuiwing van die struktuur of onderbreking van die handelsaktiwitiete nie.

2. Die Munisipaliteit sal ook nie aanspreeklik wees vir die volgende nie:

2.1 Vir enige Verlies of Skade aan persoonlike besittings of handelsware van die huurder nie,

2.2 Enige besering of lewensverlies wat die Huurder of enige ander persoon mag ly as gevolg van die doen en late van enige persoon terwyl hulle op die verhuurde eiendom is,

2.3 Verlies of skade weens onderbreking of foutief raak van enige Munisipale diens onder/naby/oor die huurgrond of weens lekplekke, storms, hael of van watter ander aard of gebeure ookal.

3. Die Huurder Onderneem:

3.1 Om enige struktuur of voorwerp wat op die huurgrond geplaas word, met sodanige nodige sorgsaam en kundigheid op te rig of te plaas dat dit geen oorlas, gevaar of risiko van skade, beserings of dood inhou nie.

3.2 Die Huurder onderneem, by ondertekening van hierdie ooreenkoms, om die Munisipalitiet te vrywaar en gevrywaar te hou teen alle gedinge, stappe, eise en vordering, koste, skadevergoeding en uitgawes wat gehef, gebring of gemaak mag word teen die Munisipaliteit of wat die Munisipaliteit mag betaal,opdoen of aangaan as gevolg van enige versuim of nalatige handeling aan die kant van die Huurder, sy werknemers of persone wat onder sy beheer handel.

Ek, die Ondergetekende Stalletjiehouer het die Aansoekvoorwaardes (Deel A) , Ooreenkomsvoorwaardes (Deel B), Reels en Regulasies bestudeer en onderneem om my daarby te hou.

UITSTALLER: **VOLLE NAAM:……**

VAN:……

I.D. NOMMER……

Geteken te……..op hierdie .....dag van ….....……..2021

Getuies: 1…….. 2……..

O.E.V

Geteken te Mosselbaai op hierdie …….dag van……..2021

Getuies: 1…… 2……

Namens O.E.V:……..

Handtekening: _____